

28 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 10:24-42

### Jesus se uitsendingsrede om na die oes te gaan om dit in te samel

Jesus is besig om doelgerig die dissipels toe te rus en voor te berei om die oes in te samel. In hierdie uitsendingsrede is daar duidelike instruksies oor wat gaan gebeur en wat die dissipels moet doen.

Ons hoef geensins bang te wees om die evangelie te verkondig nie. Jesus berei ons baie duidelik daarop voor en rus ons toe met krag om dit goed te doen. Daar is vyf onderafdelings van die uitsendingsrede:

- 1) Die sendingopdrag (vers 1-16).
- 2) Die toekomstige vervolginge (vers 17-25).
- 3) Vermaninge om vreesloos te getuig (vers 26-33).
- 4) Die skeiding wat Jesus sal bring (vers 34-36).
- 5) Die voorwaarde en beloning van dissipelskap (vers 37-42).

Die vervolginge gaan daar wees, maar God sal ook die woorde in ons mond lê wat ons moet sê onder sulke omstandighede. Ons hoef nooit bang te wees om die evangelie te verkondig nie. Niemand kan ons siel skade aandoen nie. As God vir ons is, wie kan dan teen ons wees. Jesus Christus het ons reeds vrygekoop vir die ewige lewe. Ons lewe is baie meer werd as die van 'n mossie en soveel te meer sal God ons beskerm en dra.

As ons getrou is in hierdie opdrag sal die genade ook wees dat Jesus Christus ons voor ons Hemelse Vader sal bely, maar daarenteen sal Hy ons ook voor God verloën.

*Sing: Psalm 45:1,5,16*

*Ds GS Kruger (Centurion)*